

**Maandag 20 April**

**Skrifgedeelte: Markus 2:23-28**

**Fokusgedeelte: Markus 2:27 (1983-vertaling)**

### **Die Sabbat in ons diens ...**

**D**ie onderhouding van die Sabbatdag (Sondag) is vir baie gelowiges 'n saak van erns, maar ook onsekerheid. Hoe moet die sewende dag van die Ou-Testamentiese bedeling en die eerste dag van die Nuwe-Testamentiese bedeling verstaan word? Wat het verander? In hierdie gedeelte gee Jesus 'n baie eenvoudige oplossing. *Die Sabbat is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbat nie.* Jesus verwys nog na die Ou-Testamentiese sewende dag, Sabbat. Die Sabbat staan in diens van die mens.

Dit beteken dat die Sabbat en die onderhouding daarvan die mens geleentheid bied om God te verheerlik. God skep nie vir ons geleentheid en gee ons krag sodat ons die Sabbat kan verheerlik nie, want die Sabbat is nie die voorwerp van ons aanbidding nie. En God verwag dat ons alles gewillig en met dankbaarheid en oorgawe aan Hom doen.

Wie die Sabbat so verstaan, kan nooit wonder wat op die Sabbat gedoen mag word en wat nie. Ons sê dankie vir een hele afgesonderde (heilige) dag in die week waarop ek op God kan fokus om Hom saam met medegelowiges te ontmoet en Hom in die afwesigheid van my daaglikse werk en ander verpligtinge te kan verheerlik. Wette was nooit bedoel om oor die mens te heers nie, maar om die mens te dien. Wette staan ons by om God en ons naaste lief te hê en te dien.

Om dit te verduidelik, verwys Jesus na 'n voorval waarin Dawid van die offerbrood geëet het toe hy op vlug was vir koning Saul. Hierdie brood was slegs bedoel vir die priester wat aan diens was. Jesus sien Dawid se vlug as Koninkrykswerk en daarom 'n edel missie wat hom die voorreg gee om van die brood te eet.

Moenie 'n slaaf van 'n dag wees nie. Die Sabbatdag behoort aan Jesus en Hy gee dit vir jou om God te verheerlik.

*Sing: Psalm 25-1:2, 5*

*Ds. A Venter (Attie) (Pretoria-Annlin)*